

## Gereformeerde Kerk Bellville – 25 Junie 2017 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 16:4, 5 (p. 62)

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.  
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."  
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.
- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 118:13, 14 (p. 579)

- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;  
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.  
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;  
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.
- 14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.  
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.  
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;  
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Gebed

Skrifberyming 18-1:4 (Sb 9)

- 4 Ek sien toe weer in hemelsfere / die skaar wat liggend voor God staan.  
Hul was bekleed met lang wit klere: / maar wie is hul, en waarvandaan?  
Toe kom by my gesigsverrukking / 'n stem my ruisend tegemoet:  
"Die skaar kom uit die groot verdrukking, / gereinig in die Lam se bloed.

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 15:1-34; Heidelbergse Kategismus, Sondag 17

**Kernvers:** 1 Korintiërs 15:9, 16-18, 22-23

**Want ek is die geringste van die apostels, wat nie werd is om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die gemeente van God vervolg het.**

**Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore.**

**Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms.**

(1 Korintiërs 15:9, 17, 22-23 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?**

*Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak (a). Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek (b). Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding (c).*

(a) Rom 4:25; 1 Pet 1:3; 1 Kor 15:16. (b) Rom 6:4; Kol 3:1, 3; Efes 2:5, 6. (c) 1 Kor 15:20, 21.

**Tema:** Die Here het waarlik opgestaan uit die dood! Wat beteken dit vir jou?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer ons die Twaalf Artikels aandagtig beskou, sien ons 'n dalende en 'n stygende lyn in die verlossingswerk van Christus. Met die dalende lyn bedoel ons die werk wat die Seun van God in sy vernedering gedoen het om mense te verlos – Hy het mens geword, as Christus het Hy gely, is Hy veroordeel, gekruisig en uiteindelik het Hy gesterf en is begrawe.

Vanaand se gesprek tussen die gelowige en sy vraagsteller is die eerste gesprek waarin die gelowige begin vertel oor die verlossingswerk wat Christus in sy verhoging doen. Christus se verhoging het begin met sy opstanding uit die dood. In ons Kategismus word daar niks oor die werklikheid van Christus se opstanding gesê nie. Dit word as 'n feit aanvaar, want die enigste vraag rakende die opstanding handel oor die nut wat Christus se opstanding vir die gelowige meebring.

Indien alle mense die opstanding van Jesus Christus as 'n feit aanvaar het, sou dit maklik wees om met ongelowiges oor Christus te praat. Ongelukkig leef ons nie in 'n ideale wêreld nie. Daar is mense wat botweg weier om te glo dat mense uit die dood weer lewendig kan word. Daarom is die opstanding vir hulle 'n sprokiesverhaal – dit is eenvoudig nie waar nie. Dan is daar ander mense wat 'n vreemde siening van die opstanding het. Hulle sê Christus het nie fisies uit die dood opgestaan nie, maar Hy lewe slegs in die harte en herinneringe van sy volgelinge.

Die vraagsteller in hierdie gesprek is een van daardie mense wat skepties is oor die opstanding van Jesus Christus. Net omdat hy nog nooit so iets gesien gebeur het nie, dink hy dat so iets nie moontlik is nie. Ter wille van volledigheid gaan die gelowige eers iets sê oor die feit van Christus se opstanding voordat hy iets gaan sê oor die voordele van Christus se opstanding.

Broers, susters en kinders, as iemand sou vra hoekom maak die opstanding van Jesus saak, kan gelowiges sonder enige twyfel sê: Die opstanding van Christus maak saak, want dit is die waarheid. Die opstanding van Jesus uit die dood is nie 'n sprokiesverhaal of 'n legende nie. Dit is 'n geskiedkundige feit en daar is baie betroubare getuies wat dit bevestig. Paulus het in vers 4 tot 8 'n lys gemaak van die getuies.

Die eerste en belangrikste getuie is die Here self. Volgens die Skrif, sê Paulus, is Christus op die derde dag uit die dood opgewek. Vir Paulus en die ander apostels het die Skrif nog net uit die Ou Testament bestaan. Op Pinksterdag het die Heilige Gees aan Petrus die insig gegee om vanuit Psalm 16 aan te toon dat Christus werklik uit die dood opgestaan het. In Psalm 16 het Dawid profeties gepraat en Petrus pas dit toe op Jesus wanneer hy die profetiese woorde aanhaal:

**Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie. (Handelinge 2:27 AFR53)**

Psalm 16 is nie die enigste getuie uit die mond van die Here oor die opstanding van Jesus nie. In Psalm 22 en Jesaja 53 is daar ook profetiese woorde oor die opstanding van Jesus. Jesus het self drie maal aan sy dissipels gesê dat Hy in Jerusalem sal ly onder die skrifgeleerdes en Hy sal sterf, maar op die derde dag sal Hy uit die dood opstaan. Hierdie woorde van Jesus is deur die Heilige Gees vir ons neergeskryf.

Die gelowige het in sy gesprek met die vraagsteller al daarop gewys dat Jesus 'n ware en regverdige mens is. En met die begrip *regverdige mens* het die gelowige dit duidelik

gemaak dat Jesus sondeloos is, daarom kon Hy volmaak die wet van sy Vader uitvoer. Dit beteken dan ook dat Jesus nooit 'n leuen vertel het nie. Hy is die waarheid en elke woord van Hom is die waarheid. Daarom kan ons sy getuigenis sonder twyfel aanvaar wanneer Hy sê dat Hy op die derde dag uit die dood opgewek sal word.

Christus se opstanding is nie 'n verhaaltjie wat deur verwarde dissipels versprei is nie. Jesus se opstanding uit die dood is die besluit van God wat tot uitvoer kom en waarvan die Heilige Gees in die Bybel getuig.

Paulus maak ook 'n lys van mense wat Jesus gesien het nadat Hy uit die dood opgestaan het. Van die dag van Jesus se opstanding af het Hy oor 'n tydperk van veertig dae aan verskeie mense verskyn. Hy het aan die apostels verskyn, aan Maria Magdalena wat Hom in die graf gaan soek het. By geleentheid het Hy aan vyf honderd broers tegelyk verskyn. En in die dae toe Paulus die brief aan die Korintiërs geskryf het, het die meeste van hulle nog geleef. En dan, heel laaste, het Jesus aan Paulus self ook verskyn op die pad na Damaskus.

Al hierdie mense wat Paulus in die lys noem, het net soos hy nie verwag dat Jesus uit die dood sou opstaan nie. Die vrou het Jesus dan by die graf gaan soek. Maar Jesus was nie meer in die graf nie. Hy het opgestaan en aan al hierdie mense verskyn. Die opstanding van Jesus is 'n geskiedkundige feit. Mense se twyfel daaraan kan niks aan die waarheid daarvan verander nie. Dit is soos swaartekrag. Of iemand nou glo daar is so iets soos swaartekrag of dit nie glo nie, verander niks aan die waarheid van swaartekrag nie. Maar dit maak 'n groot verskil as jy weet daar is so iets soos swaartekrag as jy op die randjie van 'n afgrond kom. Daardie kennis gaan dadelik jou optrede beïnvloed. Net so gaan die wete dat Jesus werklik uit die dood opgestaan het 'n invloed hê op die lewens van die mense wat deur Jesus verlos is.

Goed, sê die vraagsteller, ek kom agter dat jy werklik glo dat Jesus Christus uit die dood opgestaan het. Aangesien jy die opstanding van Christus as die volle waarheid glo, watter invloed het dit op jou lewe?

Op grond van die woorde in vers 16 tot 18 sê die gelowige eers wat dit vir gelowiges sou beteken het as daar geen opstanding uit die dood is nie. Die Korintiërs het nie Jesus se opstanding uit die dood *per se* verwerp nie. Daar was eerder sommige mense wat die gelowiges wou laat verstaan het dat daar glad nie so iets soos 'n opstanding uit die dood is nie. Paulus wys nou op die logiese gevolge van daardie verkeerde siening.

Indien daar glad nie so iets is soos opstanding uit die dood nie, beteken dit dat Christus ook nie uit die dood opgestaan het nie. En as dit die geval is, is daar 'n hele reeks dinge wat ons sommer nou al kan sê waardeloos is en een daarvan is jou geloof. Wat baat dit jou om in Christus te glo as Hy nie uit die dood opgestaan het nie?

Jy kan nie sê jy glo dat Christus jou van jou sondes en van God se ewige toorn verlos het nie, as Hy nie uit die dood opgestaan het nie. Ja, maar ek glo mos dat Christus in my plek aan die kruis gesterf het en sodoende die toorn wat op my gerus het, van my weggeneem het. Ja, dit is wat ons tot en met Sondag 15 bely. God se geregtigheid en waarheid eis dat sy Seun net deur sy dood mense van hulle sondes kan verlos. Die vraag is nou: Hoe kan 'n gelowige seker wees dat Christus hom ten volle verlos het en dat die gelowige daarom weer welkom is in die teenwoordigheid van God?

Die vraagsteller kom agter dat God self sy goedkeuring en tevredenheid op die dood van sy Seun moet laat hoor. Die gelowiges moet op een of ander manier van God self die versekering kry dat Hy Christus se offer aan die kruis aanvaar as die volle betaling vir hulle sondes. En dit is wat Paulus hier sê. As Christus nie opgestaan het uit die dood nie, is die gelowige inderwaarheid nog in sy sonde. Dit beteken hy is nog nie verlos nie, want hy het geen sekerheid dat God die prys wat Christus betaal het, aanvaar het nie. En hoe graag gelowiges ook al wil hê dat hulle gelowige geliefdes wat reeds gesterf het by die Here in die hemel moet wees, as Christus nie opgestaan het nie, is daar geen moontlikheid dat gelowiges wat reeds gesterf het by die Here kan wees nie.

Geen mens kan tog vir sy eie sondes betaal nie – nie met goeie werke nie, want die is reeds besmet met sonde en maak die skuld net groter; ook nie met sy eie lewe nie, want as

'n mens moet sterf vir sy sondes sal hy vir ewig die straf moet dra. Net Jesus Christus wat self ware en regverdige mens is en tegelykertyd ware God kan vir mense se sondes betaal. En net met die opstanding van Jesus Christus uit die dood bevestig God dat Hy die betaling wat Christus gedoen het, aanvaar het.

As Christus dus nie uit die dood opgestaan het nie, is 'n mens se geloof waardeloos. Party mense sê: Dit maak nie saak wat jy glo nie, solank jy net glo. Maar so 'n argument kan tog nie werk nie. Geloof beteken net soveel as dit waarin 'n mens glo. En as 'n mens net glo dat Christus vir 'n mens se sondes gesterf het, maar 'n mens het ook nie God se versekering

dat Hy Christus se offer aanvaar het nie, is jou geloof niks werd nie. Christus se dood sou dan nie anders as enigiemand anders se dood wees nie. En gelowiges sal nog in hulle sonde verlore wees. Daarom bely gelowiges: **Christus het deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak.** Net hierdie geregtigheid bring 'n mens weer in die regte verhouding met God. Net met Christus se geregtigheid is 'n mens weer aanvaarbaar vir God.

Christus se opstanding verseker nie net dat 'n mens regtig verlos is nie. Deur die krag van Christus se opstanding word die gelowiges ook tot 'n nuwe lewe opgewek. Met ander woorde, 'n gelowige se lewe sien radikaal anders daar uit as wat dit vroeër was. Die Heilige Gees hou Paulus se eie lewe as bewysstuk aan ons voor van so 'n radikaal veranderde lewe.

Paulus was by uitnemendheid 'n vervolger van die kerk van die Here. Aan die Galasiërs het hy geskryf dat hy bo sy tydgenote uitgestyg het wanneer dit gekom het by die ywer om die kerk van Jesus Christus tot niet te maak. Maar deur die genade van God is Paulus se lewe honderd en tagtig grade omgedraai. Met groot ywer verkondig hy nou die dood en opstanding van Christus.

Paulus se lewe is nie die enigste getuienis van hoe Christus se opstanding mense se lewens kan verander nie. Petrus en die ander apostels was almal vreesbevange en het weggekruip na die kruisiging van Jesus. Maar hulle lewens is verander van terneergedruktheid na vreugde en vrymoedigheid om getuies te wees van die opstanding van Jesus. En wanneer 'n mens die boek Handelingte lees, is dit regtig moeilik om te dink dat iemand vrywillig al die swaarkry sal wil ly – gevangenskap, spot, slae en vervolging – as die opstanding van Christus maar net 'n storietjie was.

Die Korintiërs is self getuies van die verandering wat die Heilige Gees gebring het met die krag van Christus se opstanding. Hulle was vroeër heidene en het afgode gedien. Nou is

hulle heiliges van God. Hulle het tot geloof gekom in Jesus Christus en hulle lewens het radikaal verander. Hierdie proses van radikale vernuwing van gelowiges is die werk van die lewende en verheerlikte Verlosser. Deur die Heilige Gees vernuwe die lewende Christus vanuit die hemel elke gelowige sodat hulle uiteindelik in die ewige koninkryk van God kan ingaan.

Om dan saam te vat tot hier: Christus se opstanding is God se versekering dat Hy Christus se betaling vir die sondes van mense aanvaar het. Die lewende Christus deel sy geregtigheid nou met die gelowige en op grond daarvan verklaar God die gelowige onskuldig. Die lewende Christus gaan voort om deur sy Gees die gelowige lewenslank te vernuwe sodat hy in die koninkryk van God kan ingaan.

En nou vra die vraagsteller: Maar hoe en wat van die gelowige gaan in die ewige koninkryk van God in? Gaan net sy siel in die koninkryk in? Gelowiges sterf mos ook. Daarvoor het ons al in Sondag 16 gepraat.

Ja, antwoord die gelowige, by die dood van die gelowige gaan die gelowige se siel reeds in die ewige koninkryk in alhoewel sy liggaam nog hier op die aarde begrawe word. Maar die waarheid van Christus se opstanding uit die dood is ook die waarborg vir die gelowige dat God ook sy liggaam eenmaal uit die dood sal opwek sodat hy as mens met liggaam en siel in die ewige koninkryk van God kan ingaan.

Let op wat skryf Paulus verder:

**Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. (1 Korintiërs 15:22-23 AFR53)**

Alhoewel Christus se dood en opstanding die grond is waarop God mense regverdig verklaar en hulle sondes geheel en al vergewe word en alhoewel die Heilige Gees die nuwe lewe aanhoudend in gelowiges vestig, is hulle nog nie geheel al bevry van die gevolge van die sonde nie. Siekte, veroudering en algemene agteruitgaan van 'n mens se liggaamskragte is die gevolge van die sonde. En as die wederkoms van Christus nie gou gaan plaasvind nie, sal almal van ons nog eendag sterf. Maar die gelowige het glad nie 'n donker uitkyk op die toekoms nie. Ook die mense wat in die Here gesterf het – dit wil sê die gelowiges wat deur Christus verlos is en aan Hom behoort sal ook uit die dood opgewek word.

Die feit dat Christus die eersteling van die opstanding genoem word, beteken dat daar nog baie opstandings uit die dood gaan plaasvind. Elkeen vir wie Christus aan die kruis gesterf het, sal nog uit die dood opstaan. Christus se eie opstanding uit die dood is die waarborg daarvan.

Geliefdes, die opstanding van Jesus Christus is 'n feit wat so vasstaan dat ons ons Kategismus nie eers daarvoor praat nie. Indien die opstanding van Christus ook 'n waarheid vir jou is, sal dit 'n invloed in jou lewe hê. Jy sal die vaste sekerheid hê dat jy deur God regverdig verklaar is. Jou lewe sal elke dag meer en meer vernuwe word omdat die lewende Christus jou deur sy Gees vernuwe. En vir die graf sal jy geen afgryse hê nie, want jy weet dat Christus jou nog daaruit sal opwek wanneer Hy terugkom.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 69:12, 13, 14 (p. 345)

- 12 Al is ek, HEER, in pyn en nood, / u hulp sal soos 'n skild verrys!  
Daarvoor bring ek U lof en prys, / ek maak U in my danklied groot.  
Dit sal die HERE allermees / as offer welgevallig wees.
- 13 Sagmoediges sal dit aanskou / en bly wees as hul dit beleef.  
Laat dié wat hul tot God begeef, / herleef, met frisse krag bedou.  
God hoor hul wat behoefdig is / en kwyn in die gevangenis.
- 14 Laat aarde<sup>o</sup> en hemel Hom dan prys, / die see en al wat dit deursweef!  
Want God sal Sion laat herleef, / en Juda's stede sal herrys.  
Dan vind Gods volk 'n erfdeel weer / en wonings wie sy Naam vereer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
25 Junie 2017